

Moses se opvolger: 'n Man wat hulle uitlei en inlei (OP61)

Num 27:12-23

10 Oktober 2021

Laasweek het ons gesien dat Num 26 die beginpunt is van die laaste hoofdeel van die boek Numeri. Die volk is op die Moabsvlakte regoor Jerigo, en hulle is op die punt om die beloofde land in te neem. Die res van die boek Numeri fokus op die voorbereiding van die volk vir hierdie inname – soortgelyk aan die voorbereiding van die volk by Sinai 38 jaar gelede. Laasweek het ons gesien dat daar weer 'n sensusopname onder die volk gehou was, soos destyds by Sinai. Maar hierdie keer was die fokus van die sensus nie net op die militêre stryd om die land in te neem nie, maar dit moes ook die basis wees waarvolgens die land verdeel moes word. Verder het ons gesien hoe die dogters van Selofgad seker gemaak het dat daar vir hulle ook 'n plek in die beloofde land sal wees, al is hulle pa reeds dood, al het hulle nie broers nie, en al is hulle ongetroud.

Vandag kom ons by 'n volgende belangrike aspek van voorbereiding om die land in te neem, naamlik die aanwysing van Josua as leier in die plek van Moses, soos beskryf in Num 27:12-23.

Die gevolge van Moses se ongehoorsaamheid (Num 27:12-14)

Ons het 'n paar weke gelede gekyk na die gebeure wat aanleiding gegee het daartoe dat Moses nie die beloofde land sou in gaan nie: Dit is die gebeure wat by Kades, oftewel Meriba, plaasgevind het, soos beskryf in Num 20:1-13. Daar het Moses die rots geslaan, i.p.v. om daarmee te praat. Ons het destyds daarna gekyk en gesien dat Moses met die eerste water-uit-die-rots insident in Eks 17 wel die rots moes slaan, maar dat hy met die tweede water-uit-die-rots insident net met die rots moes praat, aangesien die Here daardeur duidelik wou maak dat Jesus alleen eenmaal hoef te sterf vir die sondes van mense – daarna hoef opvolgende geslagte maar net te vra om deel te kry aan daardie eenmalige offer. In Num 20:12 het die Here geoordeel dat Moses en Aäron op hierdie manier die Here nie erken het as die Heilige nie, en in Num 27:14 verwys die Here weer na hierdie feit. Die Here het ook in Num 20 geoordeel dat hulle nie die volk in die beloofde land sou inlei nie, en nou sê die Here hier in Num 27 dat die tyd gekom het vir Moses om ook te sterf, soos wat Aäron alreeds gesterf het.

Ons lees dat Moses die Abarimberg moes uitklim om vandaar af die beloofde land te mag aanskou, voordat hy sterf. Lees Deut 3:23-28. Uit hierdie verse is dit duidelik dat Moses werklik teleurgesteld was om nie die land te kon ingaan nie, en dat hy selfs gereeld vir die Here gevra het om tog die geleentheid te kon hê. Die Here het egter met verloop van tyd vir Moses gesê dat Sy besluit onveranderlik is, en dat Moses moet ophou om hiervoor te vra.

Dit is egter belangrik om die volgende raak te sien: Ons het nou al verskeie kere die opmerking gemaak dat die beloofde land 'n Ou Testamentiese tipe is van die ewige heerlikheid wat gelowiges sal ontvang na hierdie lewe. Beteken dit nou, siende dat Moses nie die beloofde land ingegaan het nie, dat hy vir ewig verlore gegaan het? Nee. In Heb 11:24 ev word Moses genoem as een van die geloofsgetuies wat gesterf het sonder dat hulle ontvang het wat beloof is, maar dat hulle dit tog sal ontvang saam met ons. 'n Tipe is maar net 'n tipe – dit is nie die werklikheid nie. Dit is 'n instrument wat die Here gebruik as 'n voorbeeld en waarskuwing aan ons. En ek hoop dit sal uit die res van hierdie preek duidelik word dat die Here dit gebruik om verdere groot waarhede te openbaar.

Alhoewel Moses dus nie sy saligheid verloor het a.g.v. sy oortreding by Meriba nie, het hy wel die voorreg verloor om die volk die land in te lei. En hier is 'n belangrike beginsel vir ons almal, en veral vir leiers in die kerk: As ons nalatig is in ons diens aan die Here, is daar ernstige gevolge. Selfs al bely

jy jou nalatigheid en selfs al ontvang jy vergifnis daarvoor, kan daar steeds gevolge wees. Ja, jy verloor nie jou saligheid nie, maar geleenthede om diensbaar te wees mag van jou weggevat word. Dink hier aan 1 Kor 3:12-15. As ons onverantwoordelik bou, kan die resultaat wees dat ons bouwerk verbrand, terwyl ons tog gered word, maar dan soos iemand wat uit die vuur geruk word.

Dit is nuttig om raak te sien dat Moses baie jare getrou was aan die opdragte van die Here, en hy het op 'n relatief laat stadium van sy diens aan die Here hierdie misstap begaan. Daar is meer sulke voorbeelde in die Bybel: Noag, Dawid, Salomo. Die waarskuwing aan ons is dat ons ook die gevaar loop om met verloop van tyd so gemaklik en gewoon te raak aan die rol wat die Here aan ons gegee het, dat ons dit net nie meer so noukeurig en noulettend doen nie. Ons vertrou al meer ons eie insig en kennis. Mag die Here ons hiervan bewaar.

Aanwysing van Moses se opvolger (Num 27:15-23)

In verse 15-17 vra Moses dat die Here 'n opvolger vir hom moet aanstel. Hierdie opvolger moet iemand wees wat voor die volk uittrek en intrek, wat hulle uitlei en hulle inlei (OAV). Moses se pleidooi is dat die volk tog nie soos skape sonder 'n herder sal wees na sy sterwe nie. Hierdie pleidooi van Moses bevestig weereens hoe 'n unieke mens Moses was: Onthou nou hoe graag hy die beloofde land wou ingaan. En tog, toe die Here vir hom sê hy moet ophou vra daarvoor, berus Moses daarby, en direk skuif sy fokus na die implikasies vir die volk. Noudat die besluit van die Here duidelik is, is Moses meer bekommerd oor die volk se versorging as oor homself.

Let ook op: Moses vra die Here moet sy opvolger aanwys. En die Here doen dit – Hy wys vir Josua aan (v18). Dink weereens aan Moses. Onthou, toe Aäron dood is, is Eleasar as sy opvolger aangewys. Eleasar was Aäron se seun, en daar moes vir Aäron troos in gewees het dat sy seun by hom oorgeneem het. Maar Moses se eie kinders word oor die hoof gesien. Josua is nie Moses se seun nie, trouens hy is nie eers van dieselfde stam as Moses nie: Moses was uit Levi (Eks 2:1), en Josua uit Efraim (Num13:5). En tog lees ons van geen opstandigheid by Moses nie.

Hoekom was Josua die aangewese opvolger? Wel, dit is duidelik dat die Here al reeds vir 'n geruime tyd Josua voorberei het vir hierdie rol. In Num 11:28 het ons gelees dat Josua van jongs af reeds Moses se assistent was. Boonop het ons in Num 13-14 gesien dat slegs Josua en Kaleb uit die 12 verkenners van die beloofde land, aanbeveel het dat die volk moet optrek om die land in te neem, siende dat die Here by hulle is. Boonop beteken dit dat Josua (en Kaleb) op hierdie stadium die oudste persone onder die volk moes wees, dis nou as ons nie Moses in ag neem nie. Maar miskien is die belangrikste rede die rede wat in vers 18 gegee word: Die Gees van die Here was in hom. In Deut 34:9 lees ons dat Josua vol van die Gees van wysheid was (OAV).

Vir die aanstelling van Josua as opvolger vir Moses, moes Moses hom voor Eleasar en die volk laat staan. Daar moes Moses aan Josua die opdrag gee om die volk te lei. Moses moes dan sy hande op Josua lê, en op die manier sou van Moses se hoogheid (OAV) of gesag (NAV) op Josua oorgedra word, sodat die volk voortaan aan hom as hulle leier gehoorsaam sal wees.

Wat tog ook opvallend is, is dat alhoewel Josua so as leier aangewys word, is daar tog 'n verskil tussen Moses en Josua. Ons sien dit as hier gesê word dat van Moses se gesag/hoogheid aan Josua oorgedra is, dus nie al Moses se gesag nie. Dit word verder duidelik as die Here sê dat Josua altyd Eleasar moet raadpleeg dat die vir hom met die urim die beslissing van die Here vra. Vergelyk dit met Num 12:6-8 waar die Here self aangekondig het dat Moses anders is as die ander profete. Nie net is Moses die betroubaarste in die diens van die Here nie, maar boonop praat die Here nie met hom in raaisels nie, nee, die Here het direk met Moses gepraat. Met Josua gaan dit egter anders wees: Josua sal deur die hoëpriester Eleasar moet merk, wat op sy beurt die urim moet gebruik, om

te verneem wat die wil van die Here is. Al met al moet ons dus sê, alhoewel Josua oor baie jare voorberei was vir hierdie rol, alhoewel Josua deur sy optrede bewys het hy is bereid om op te tree ter wille van die Here se eer, alhoewel hy deur die Here aangewys is as die opvolger vir Moses, sal die manier waarop Josua leiding gee, anders wees as wat die geval met Moses was.

Kom ons som op wat ons tot hier gesien het: Leiers moet noukeurig let op die wyse waarop hulle hulle leiersrol vervul. As hulle nalatig is, kan dit beteken dat hulle nie langer in dieselfde rol diens sal doen nie, selfs al hoef dit nie te beteken dat hulle hulle saligheid verloor het nie. Dit is veral in die latere jare van hulle leierskap dat hulle die gevaar loop om te gemaklik te raak met hulle verantwoordelikheid, en dus nalatig word. Uit die keuse van Josua as leier leer ons dat die Here mense gebruik wat Hy oor geruime tyd voorberei het vir hulle rol. Soos Moses, moet ons ook bereid wees om ons te berus in die keuse van die Here. Verder moet ons ook begryp dat nie alle leiers op dieselfde manier deur die Here gebruik word nie – selfs nie al volg hulle mekaar op nie.

’n Verdere interpretasie

Alhoewel die gebeure in hierdie gedeelte maklik verstaanbaar is, en alhoewel bogenoemde toepassings redelik duidelik na vore kom as jy die gedeelte oordink, is ek egter ook oortuig dat daar net te veel leidrade in hierdie gedeelte is wat daarop dui dat hier ’n verdere interpretasie is wat ons behoort te maak. Kom ons kyk daarna:

Teen hierdie tyd hoop ek dat ons almal dit eens is dat Moses ’n Ou Testamentiese tipe is van Jesus, en dan juis in Sy rol as die komende Koning, terwyl Aäron en Eleasar in hulle rol as hoëpriester ’n Ou Testamentiese tipe is van Jesus as die ware Hoëpriester.

Op hierdie stadium is Moses die leier van die volk. Maar Moses is op die punt om die geledere van die volk te verlaat. Hy gaan hulle verlaat voor hulle die beloofde land ingaan. Die rede waarom hy hulle gaan verlaat, is omdat hy gesondig het by die Meribawaters by Kades toe hy nie die Here voor die volk gehou het as die Heilige nie. Die gevolg van die sonde is dat hy nou gaan sterf. Hy gaan op ’n berg sterf.

Kom ons vergelyk dit met Jesus, van wie Moses ’n tipe is. Tydens Jesus se lewe hier op aarde was Hy die Leier van Sy dissipelgroep. Maar na ’n paar jaar van openbare optrede, word die punt bereik waar Jesus hulle gaan verlaat. Jesus gaan hulle verlaat voordat Sy dissipels die beloofde land, oftewel die ewige heerlikheid, sal bereik. Die rede waarom Jesus hulle gaan verlaat, is nie soos wat die geval met Moses was nie – Moses het self gesondig, en daarom gaan hy die volk verlaat. Nee, Jesus gaan die dissipels, en alle gelowiges, verlaat omdat hulle gesondig het. Soos wat Moses die volk gaan verlaat deurdat hy gaan sterf, gaan Jesus ook die dissipels verlaat deurdat Hy gaan sterf. Maar anders as wat die geval met Moses was, gaan Jesus daarna opstaan, en dan gaan Hy opvaar na die hemel toe. Jesus gaan op ’n heuwel buite Jerusalem sterf, maar meer belangrik, Hy gaan van ’n berg af opvaar hemel toe.

As die Here aan Moses bekend maak dat hy gaan sterf, worstel Moses met die Here of hy nie tog maar die beloofde land kan ingaan nie. Maar die Here sê vir hom hy moet ophou om daarvoor te vra, want hy gaan sterf. Dan verskuif Moses se bekommernis na die volk wat gaan agterbly. Hy pleit by die Here, wat die bron van lewe is, dat die Here tog iemand anders moet aanwys as hy nie meer daar is nie. Hierdie opvolger moet voor die volk uittrek en voor hulle intrek, hy moet hulle uitlei en hulle inlei. En sodoende sal die volk nie wees soos skape wat nie ’n herder het nie.

In Getsemane op die vooraand van Jesus se dood, worstel Jesus ook met die vraag of die beker wat Hy moet drink, nie maar by Hom kan verby gaan nie. Hy vra drie keer. En dan is die antwoord van die

Vader duidelik: Jesus moet dit drink, immers dit is juis die rede waarom Hy na die aarde gekom het. Soos Moses dit aanvaar het, so aanvaar Jesus ook die antwoord. Moses se bekommernis het toe verskuif na die volk wat gaan agterbly. Jesus was alreeds geruime tyd besorgd hieroor. Kom ons blaai na die Johannes evangelie toe. Lees Joh 10:7-15. In verse 7-9 leer Jesus Hy is die ingang van die skaapkraal. Dit is deur Hom wat die skape moet in en uitgaan. As hulle deur Hom in en uitgaan sal hulle gered word, en weiding kry. Hoor jy die ooreenkoms met Moses se pleidooi by die Here? Iemand moet hom opvolg wat die volk sal inlei en uitlei. In verse 11-15 lees ons dat Jesus sê Hy is die goeie Herder. Hy ken Sy skape en Sy skape ken Hom – soos wat die Vader Hom ken en Hy die Vader. Hoor jy die ooreenkoms met Moses se pleidooi by die Here? Die persoon wat hom opvolg moet 'n herder vir die skape wees. Hoor jy hoe intiem die verhouding tussen Jesus en Sy Vader is, en herinner dit jou aan daardie intieme verhouding tussen Moses en die Here?

Kom ons blaai verder na Joh 13 toe. Nou is dit die aand voor Jesus se kruisiging, en Jesus is in gesprek met Sy dissipels. In vers 33 maak Jesus aan Sy dissipels bekend dat Hy op die punt staan om hulle te verlaat, en dat hulle nie saam met Hom kan kom waarheen Hy gaan nie. Die dissipels is ontsteld deur die feit dat Hy weggaan en dat hulle Hom nie kan volg nie. In Joh 14:16-17 beloof Jesus dat Hy die Vader sal vra om 'n ander Voorspraak te stuur wat vir ewig by hulle sal wees. Hierdie Voorspraak is die Heilige Gees, oftewel die Gees van die waarheid, wat nie net by hulle sal wees nie, maar selfs in hulle sal wees. Netsoos Moses, is Jesus besorgd oor Sy dissipels. Hy kondig vooruit aan dat Hy gaan vertrek, soos wat Moses ook voor sy sterwe vir die volk gesê het. Soos Moses wat gevra het vir 'n ander leier om by die volk te wees, sê Jesus dat Hy die Vader vir 'n ander Voorspraak sal vra wat by hulle en selfs in hulle sal wees – die Voorspraak is die Heilige Gees, wat die Gees van waarheid is. Ons lees spesifiek van Josua dat die Gees van God in hom was (In Deut word verwys na die Gees van wysheid).

In Num 27 lees ons dat Moses van sy gesag aan Josua moes oordra. Maar anders as Moses met wie die Here direk gepraat het, moes Josua na Eleasar, die hoëpriester, gaan om die beslissing van die Here oor sake te verneem. Ons het reeds in Joh 10 gelees van die intieme verhouding tussen Jesus en die Vader – Jesus in die Vader en die Vader in Jesus. Lees Joh 17:6-8. Hier lees ons spesifiek dat Jesus gekom het om die woorde van die Vader aan die mense wat die Vader Hom gegee het, bekend te maak. Moses was die een met wie die Here direk gepraat het, en Moses het dit telkens aan die volk oorgedra. Maar wat nou van die Heilige Gees? Lees Joh 14:26. Die Heilige Gees sal ook die dissipels leer, soos wat Josua die volk moes leer. Maar die Heilige Gees sal hulle leer wat Jesus hulle geleer het. Lees Joh 15:26. Die Heilige Gees sal oor Jesus getuig. Lees Joh 16:13-14. Die Heilige Gees sal kom en Jesus verheerlik deurdat wat Hy van Jesus ontvang het aan die dissipels sal verkondig. Sien jy die ooreenkoms met Josua? Josua het nie direk met die Vader gepraat nie, maar het deur die hoëpriester geleer wat die Vader wil. Maar die hoëpriester is ook 'n tipe van Jesus. Soos wat Josua na die hoëpriester gegaan het om te hoor wat nou moet gebeur, gaan die Heilige Gees na Jesus, die ware Hoëpriester, en verkondig wat Hy van Jesus ontvang aan die dissipels.

Die groot verantwoordelikheid wat op Josua se skouers gerus het, was om die volk in die beloofde land te bring. Wat is die werk van die Heilige Gees? Joh 16:8 (OAV) leer: “Hy sal die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel”. In Hand 2:33 verduidelik Petrus dat hierdie belofte van die Heilige Gees gerealiseer het op Pinksterdag, en omtrent 3 000 mense het tot geloof gekom, en het daardeur toegang tot die ewige heerlikheid ontvang, waarheen die Ou Testamentiese beloofde land wys.

Blaai na Deut 31:3-6. Moses is op sy laaste. Hy is op die punt om weg te gaan. Hy sê vir die volk dat hulle onder leiding van Josua die beloofde land moet gaan inneem. Die Here sal by hulle wees en die ander nasies in die land uitroei. In vers 6 sê Moses: “Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees

nie, moenie vir hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie.” Vergelyk dit met wat Jesus sê as Hy op die punt is om weg te gaan, om op te vaar hemel toe in Mat 28:19-20: “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

Blaai na Jos 1:7-9. In hierdie verse gee die Here aan Josua die opdrag om die land in besit te gaan neem. Maar let nou op wat die Here vir hom sê: Josua, en die volk, moet veral noukeurig daarop let dat hulle die hele wet van God uitvoer. Hulle moet nie links of regs daarvan afwyk nie. Dit moet hulle rigsgoer wees, en hulle moet dit dag en nag oordink. Dink nou aan wat Eseg 36:27 ons leer: “Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens My voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom”. Sien jy die ooreenkoms tussen Josua se rol en die werk van die Heilige Gees?

Geliefdes, ek sluit af. Ek kyk met heeltemal nuwe oë na Josua. Ek is oortuig dat Josua 'n Ou Testamentiese tipe van die Heilige Gees is – daar is net te veel leidrade om dit mis te kyk. Dit maak my opgewonde om in detail na die boek Josua te wil gaan kyk met juis hierdie feit in gedagte. Soos wat Josua die volk moes lei om al die ander nasies uit die beloofde land te dryf, lei die Heilige Gees die gelowiges in hulle stryd teen die duiwel, die wêreld en hulle sondige natuur. Soos wat hulle onder leiding van Josua die ander nasies heeltemal moes uitwis, lei die Heilige Gees gelowiges op die pad van heiligmaking om alle sondes uit te wis tot by volmaaktheid. En soos Jesus belowe het, is Hy by ons deur Sy Gees wat by ons en in ons is tot met die voleinding van die wêreld. Ek hoop jy is saam met my opgewonde oor die ryk inhoud van die Here se openbaring in beide Ou en Nuwe Testament.